DEEL 116 | WEEK 32 | 8 AUGUSTUS 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# BOERETREAT BRING ALMAL SAAM



Die naweek het die Boeretreat die gemeenskap op vlerke geneem, met elke boeremeisie, wat 'n toer op die vloer met 'n boer, gevat het en gewys het wie is baas van die plaas. Met die hulp van 'n bietjie witblits het almal hul wit skoene vuil gedans. Die geleentheid, wat al bekend staan vir sy opwindende program en gemeenskapsgees, het hierdie jaar nie teleurgestel nie. Vrydag het die Boeretreat classic gholftoernooi afgeskop, wat deur baie gholfers geniet is. Die tou-trekkompetisie was weer een van die jaarlikse hoogtepunte. Vir twee jaar was Hoogteboerevereniging die heersende kampioene, maar hierdie jaar het Gottenburg Boerevereniging die kroon oorgeneem, tot groot gejuig van die skare. Daar was ook 'n sterkman-kompetisie wat deur Jannie en Monnette Bornman van Bonus Hardeware aangebied is. Die rofstoei het almal se aandag vasgevang, met klein ogies wat groot gerek het as die stoeiers van die toue afspring en mekaar soos 'n sak patats in die ring rondgooi. Hoërskool Heilbron se onderwysers het ook 'n groot bydrae gemaak deur die jongspan op te pas terwyl die ouers die stalletjies kon bekyk en mamma, pappa se beursie dol leeg koop. Laatmiddag het almal in die tent bymekaargekom om die optrede van die eerste kunstenaar, Eloff, te kyk. Daar was heerlik gesokkie onder die jong klomp wat groot aanhangers van die Johnny blou sanger is. Later die aand is verskeie items opgeveil, met al die skenkings ten bate van liefdadigheid. Die gemeenskap het 'n groot bydrae gemaak en dit was verblydend om te sien hoe mense saamgewerk het om 'n verskil te maak.

Loufi het die dak gelig met sy musiek. Na sy optrede kon die klanke van *we want more* nie vermy word nie, en Loufi, flippen, Loufi het 'n laaste liedjie gesing. Brendan Peyper het die verhoog ingeneem en het elke tienermeisie se hart laat smelt.

Die jaar se Boeretreat was verseker meer suksesvol en grootter. Jeanne Le Roux-Nel vertel dat 'n groot aspek van dit die betrokkenheid van die skool is. "Mnr. Johnny en sy span het regtig 'n ongelooflike werk gedoen om te help met die toesig van die kindervermaak, asook die aanbied van die hokkie en minnie hokkie. Dit het baie voete gelok en kaartjies was vooraf by die skool verkoop," vertel Jeanne. Die Boeretreat van 2024 sal beslis onthou word as een van die beste en die gemeenskap sien reeds uit na volgende jaar se geleentheid.






# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

Engo het die naweek die geleentheid gehad om by die Boeretreat 'n stalletjie te behartig. Die stalletjie het gefokus op die Projek van Hoop, waar kaartjies verkoop word as fondsinsameling. Die Projek van Hoop gee iemand die geleentheid om 'n Renault Kwid Life te wen deur slegs 'n R30 donasie te maak. Engo is die grootste liefdadigheidsorganisasie in die Vrystaat en die naweek is dit weereens bewys hoe genade die organisasie onderhou. Ringerstraat Jeugsorgsentrum en Engo Gesinsorg wil almal hartlik bedank vir die bydraes wat gemaak is. Onthou die projek sluit op 13 November 2024 en kaartjies is beskikbaar by Ringerstraat Jeugsorgsentrum of Elmarie Els. Skakel gerus 079 599 4135.







Ringerstraat Jeugsorgsentrum het in samewerking met OK Mini Mark die nuwe Bless met 'n Blikkie Projek geloots. Die doel van die projek is om by te dra tot Ringerstraat Jeugsorgsentrum terwyl jy jou inkopies doen. Dit spaar die tyd om na die sentrum te ry en vergemaklik die proses om by te dra tot die jeugsorgsentrum. Dit is so maklik soos een-twee-drie.

1. Kies 'n produk. Dit kan enige nie-bederfbare produk wees.
2. Betaal by die betaalpunt.
3. Plaas in die mandjie naby die koffiestasie.

Ringerstraat Jeugsorgsentrum wil Mnr du Toit bedank vir die geleentheid om die projek in sy winkel te loots.





# "*Spookwerkers*" *nog in die newels*

Vermors Ngwathe steeds broodnodige geld op sogenaamde "spookwerkers", of het hy nooit nie? Raadslede vra dit reeds sedert Oktober verlede jaar, maar die antwoord ontwyk hulle, byna 'n jaar later. Daarom het DA-raadslid Arnold Schoonwinkel verlede week per WhatsApp-boodskap aangedring op onmiddelike antwoorde. Dit was nadat 'n beloofde verslag oor die kwessie weer, vir die vierde of vyfde keer, nie verskyn het nie. "Surely you must agree a few weeks time was enough to produce a clear, complete and accurate report?," wou hy weet van ANC-raadslid Toyi, voorsitter van Ngwathe se staande komitee oor openbare rekeninge (MPAC). Hierdie komitee, waarop Schoonwinkel ook dien, het spesiale magte om munisipale onreëlmatighede te ondersoek. "The report's absence after NINE months reflects poorly on MPAC and on your leadership."
Ter agtergrond sê Rdl Schoonwinkel hy het verlede jaar vertroulik verneem Ngwathe het talle sogenaamde werknemers wat ten volle betaal word "sonder om 'n steek werk te doen."
Hierdie "kamma-werknemers" ontvang blykbaar vol salarisse en verskyn op die lys van munisipale werkers. "Maar hulle rapporteer óf gladnie vir diens nie, óf meld soggens aan en verdwyn net daarna," aldus Schoonwinkel.
"Word Ngwathe ook so gebloei?" wou hy verlede Oktober op 'n vergadering van die raad se Finanskomitee weet.
Raadslede van alle partye het toe erken hulle vermoed Ngwathe het wel spookwerkers. Een opposisieraadslid het beweer 'n munisipale werker in Koppies meld soggens vir diens aan en verdwyn dan dadelik om haar spaza tuis te gaan bedryf. "Ek het haar verkla maar niks het gebeur nie". 'n ANC-raadslid het gesê hy hoor sekere munisipale amptenare in Vredefort drink tydens kantoorure in 'n kroeg, wat hy nogal glo "want bedags is hulle kantore leeg." Hy kon die drinkery nie bewys nie want die drinkende werknemers "verdwyn vinnig" wanneer hy kom kyk.
Toe die komitee eenparig aandring op 'n volledige ondersoek, het 'n senior amptenaar hulle verseker so 'n ondersoek vind reeds plaas, en dat 'n verslag daaroor reeds verlede jaar op 25 Oktober gereed sou wees. "Sedertdien hoor ons niks, absoluut niks," sê Rdl Schoonwinkel, "tenspyte van herhaalde skriftelike navrae, deur my, DA-koukusleier Carina Serfontein, en Rdl Jan Meyer (VF+)." Rdl Toyi het eergister op 'n spesiale vergadering van MPAC beloof dat 'n grondige ondersoekverslag, asook relevante dokumente, vandeesmaand beskikbaar sal kom vir evaluering deur MPAC. "As dit weer nie gebeur nie, sal ons hulp aanvra by die Ouditeur-generaal," sê Schoonwinkel.

# UNIEFEESDAM: STEUN VIR HERNUWING

DA-raadslid Robert Ferendale sê hy is baie tevrede met die steun vanuit die breë gemeenskap vir sy pleidooi verlede week dat Heilbron sy eens pragtige en gewilde Uniefeesdam-terrein weer omskep in die pragbate wat dit was (Heilbron Herald, 2 Augustus) "Ngwathe het nie die fondse om dit self te doen nie, en ook nie die nodige bekwame bestuur nie." Maar hy glo daar is entrepreneurs, van Heilbron en ook van elders, met kundigheid en kapitaal wat gereed sou staan as Ngwathe die perseel op gunstige terme beskikbaar stel vir herontwikkeling. Hy het intussen aan die nuwe munisipale bestuurder, Dr F Mothmaha, geskryf om te wys op die ekonomiese voordele vir sowel Heilbron as Ngwathe munisipaliteit sou die oord se verval gestuit word.
Die terrein was vroeër 'n gewilde munisipale ontspannings- en piekniekterrein. "Dit was aantreklik, en het ook 'n inkomste gelewer, wat dit natuurlik gou weer kan doen," sê Ferendale. Maar die eens pragtige fasiliteite lê nou in puin, met skade oral. Die dakke, vensters, deure en elektriese kabels is alles uitgeruk deur vandale, of weggedra deur diewe.
Hy sê wat oorbly kan weer herstel word, hoewel dit werk en baie geld sou verg. "Maar die tyd is ryp daarvoor." Daarom vra hy vir 'n aksieplan wat onmiddellik opgestel en uitgevoer kan word. "Kom ons leer by vooruitstrewende dorpe in die Wes-Kaap, en help dat Uniefeesdam weer tot sy reg kom" vra Ferendale. Hy sê inwoners met idees en planne kan hom gerus kontak by 064 863 8203

# UIT DIE PEN: Week 32



Onthou julle dat ek verlede week van die "kliek" vertel het? Ek kan op my been trap en my kop weet ook dat ek op my been kan trap. Maar dit was 'n proses.
Dis verskillende kante van dieselfde munt. Ek probeer my bes om myself te druk om harder te oefen èn ek wil myself juis nie druk nie. Watter kant toe? Dit weet ek nie.
Nà verlede week se kopkliek het ek vir twee dae nie op my been getrap nie, dit was te seer van die fisio. Ja, en ek gaan steeds elke week na Paul toe. En ja, hy maak my nog seer. Maar die mylpale oortref die seer.
Dit was Saterdag drie maande nadat ek die rakker gebreek het. Vrydag terwyl ek in my kantoor is, haal ek my maanstewel af. Annatjie stap niksvermoedend my kantoor binne. Ek dink by myself: dis nou of nooit. Ek staan op, loop die eerste twee of drie treë baie wankelrig. Annatjie vra of ek nie my kruk nodig het nie? Ek sê: Kyk! Ek kan sonder dit loop!
Ek stap na die groot, oop kantoor. My kollegas klap hande. Ons huil sommer saam. Kyk, sê ek, dis wat gebeur as mens bid en spit. Want hierdie is vir my getuienis. My baas het kom kyk hoekom ons so jil en gil.
Een van my vriendinne het so maand gelede genoem dat hierdie my getuienis gaan wees. Daardie tyd het ek nie so gedink nie. Want teen daardie tyd het ek nog nie eers gedink dat ek binnekort sonder Die Standbeeld sou stap nie.
Met my breinkliek by Paul het hy gesê dat ek nou stadigaan moet begin skoene dra. Gemaklike tekkies. Eers een uur per dag, daarna twee ure ensovoorts. Hierdie week stap ek by Paul in sonder die maanstewel. Maar met 'n sterk pynpil. Ja, Die Standbeeld lê by die huis.
Paul is verras en opgewonde, nes ek. Ek wys hom hoe die mobiliteit van my enkel verbeter het. Ek kan my enkel op en af wikkel. As ek kruisbeen sit, kan ek my voet links en regs beweeg. Ek is opgewonde! Paul wriemel en vryf my enkel. Is jy reg, vra hy? Waarvoor, vra ek? Ons gaan sonder die krukke tot by die trampolien stap. Ek dog my moed sak tot 'n maand gelede.
Miskien moet ek net byvoeg dat my voet nogal redelik seer is van sy nuwe omgewing. Want daar is ander spiere wat nou ander oefening kry. Iedergeval is ek met 'n bekwame spoed (sonder krukke) op pad Trampolien toe. Trampolien beteken 'n onewe en beweegbare oppervlak, amper soos water. Ek ril solank.
Eerste opdrag: klim op die trampolien. Drie weke gelede sou ek in trane uitgebars het, want ek het gesukkel om trappe te klim.
Ek sukkel nie meer nie, en binne sekondes staan ek op iets wat die beweeglikheid het van groen jellie.
My tone keer dat ek vorentoe val, my hakke wil-wil net oplig totdat ek die hakke diep intrap en weer veg teen die jellie in my tone. Ek het nooit geweet dis so stryd nie.
Ek moet op die trampolienjellie loop: links, regs, links, regs, en my bene mooi oplig.
Ek kyk na myself in die spieël en sien dat ek effens skeef loop. Dis hoe my middellyn verander het toe ek skeef, met Die Standbeeld en twee krukke begin loop het. Probeer jy nou om in trampolienjellie vas te trap en boonop mooi regop te loop. Dis soos om sop met 'n vurk te eet. Dit werk net nie. Daarna gaan sit ek sodat ek myself in die spieël kan sien. Ek moet reguit opstaan, konsentreer dat ek nie meer na links neig nie. My knieë moet dieselfde afstand van mekaar af bly en my bolyf kiertsregop.
Teen hierdie tyd brul ek van die pyn in my voet. Nou kry ek 'n trappie: lig net jou linkerbeen op die trappie en terug. Niks snaaks nie, dink ek. Tot ek my regterbeen so hoog moet oplig. Dis 'n anderste storie. Dis 'n anderste seer storie. My lyf ruk en bewe van die inspanning. Paul kom staan styf langs my. Maar nie om sy simpatie te bewys nie, maar om my lyf in 'n reguit lyn te kry. Ek probeer en probeer, en uiteindelik kry ek dit reg. En ek het nie in trane uitgebars nie.
Ek wonder vandag oor mense wat sê jy moet oor 'n saak bid en dan moet terugsit en wag vir die uitkoms. Ek stem nie heeltemal daarmee saam nie. Dalk hang dit van die situasie af.
Bid moet jy gewis. Maar jy moet intussen werk ook. Bid asof jy nie geleer het nie, leer asof jy nie gebid het nie, het ons altyd gesê. In hierdie geval is dit bid en spit. Bid, maar werk aan jou kant ook daaraan.
Ons kom by die huis, uitgeput van Paul se oefeninge. My voet en been is seer, seer. Ek drink twee pynpille en gaan lê op die bed. Die koue sypel deur my vel tot binne-in die plate en skroewe wat in my been is. Ek trek later 'n kombers oor my. Totdat my goeie man my roep om te gaan eet.
Ek dink die pyn raak beter, of dalk raak dit net anders. Ek kan nou dinge doen wat ek nie twee maande gelede gedink het ek kan doen nie. En ten spyte daarvan het ek myself gewys dat ek kan.
Wanneer laas het jy jouself uitgedaag, wonder ek?

# Vegkop inwoners raadop oor riool

Inwoners van Vegkop is raadop met die munisipaliteit nadat 'n sterk stroom rou riool al langer as 'n week in Eerste Straat vloei, sonder enige optrede van die owerhede. 'n Inwoner van die straat het gemeld dat hulle reeds die munisipaliteit gekontak het oor die probleem, maar die standaard verskoning is dat hulle wag vir die trok om die rioolpyp oop te suig. Die rioolwater, wat nou soos 'n klein riviertjie deur die straat vloei, loop reguit in die spruitjie wat uiteindelik in die dam uitmond. Die reuk is ondraaglik en inwoners doen 'n dringende beroep op die munisipaliteit om so gou moontlik op te tree. Volgens een inwoner is kinders gesien wat in die water speel, wat 'n ernstige gesondheidsrisiko inhou. Inwoners eis dat die munisipaliteit onmiddellik aksie neem om hierdie situasie op te los.

# *VVA gaan nuwe baadjie aantrek!*

Ons is besig met herstrukturering ten spyte van struikel blokke wat die afgelope tyd ervaar is.
Ons nooi alle handvaardige dames uit om Donderdae vanaf die 15de Augustus om 9vm te kom kyk na die materiale en patrone en nog vele ander wat ons teen billike pryse aanbied!
Ons maak staat op almal se ondersteuning!

110!
VRYSTAAT-VERSORGING IN AKSIE
FREE STATE CARE IN ACTION
TLHOKOMELO TSHEBETSONG YA FREISTATA

# In liefdevolle herinnering



Met groot hartseer neem ons afskeid van 'n welbekende en geliefde inwoner van Heilbron, Sampie Marais, wie se lewe 'n merkwaardige voorbeeld van toewyding, passie en diensbaarheid was.
Sampie is in Heilbron gebore en het hier grootgeword. Hy het in 1969 aan die plaaslike hoërskool gematrikuleer. Na skool het hy sy ambag by die Sasol fabriek voltooi, waar hy 'n kwalifikasie in elektries & instrumentasie verwerf het.
Hy is in hierdie tyd getroud met, Susann Marais, 'n mede-Heilbronner, en uit die huwelik is vier pragtige dogters, Santie, Linky, Muela en Christi, gebore. Sampie was 'n toegewyde gesinsman wie se liefde vir sy familie altyd voorop gestaan het.
In 1980 het Sampie by die destydse Milkrite aangesluit en uiteindelik die posisie van Bestuurder beklee. Sy ondernemingsgees het in 2003 tot sy hoogtepunt gekom toe hy sy eie besigheid, Packo RSA, gestig het. Hierdie onderneming spesialiseer in die verskaffing van melkmasjienonderdele en-toerusting.
Sy visie en dryfkrag het ook gelei tot die stigting van Fuelstop Heilbron in 2004 en die OK 'n jaar later in samewerking met een van sy jare lange vriende Koos Lee.
Sampie se betrokkenheid in die gemeenskap was noemenswaardig. Hy was 'n leier wat 'n groot impak gemaak het deur sy betrokkenheid by verskeie organisasies.
Hy was 'n stigterslid van die Heilbron Ruiterklub en die Vleisbeesstudiegroep, en 'n jarelange lid van die Heilbron-Suid gemeente se kerkraad, asook Slootkraal Boerevereniging.
Een van Sampie se groot passies was perde. Hy het 'n prominente rol gespeel in die bestuur van die Percheron Perdegenootskap en was ook as 'n erelid erken. Sy liefde en toewyding aan die perdebedryf was duidelik in alles wat hy aangepak het.
Sampie Marais laat 'n nalatenskap van liefde, leierskap en onbaatsugtige diens na. Hy word oorleef deur sy geliefde vrou, Susann, sy vier dogters & skoonseuns, en elf kleinkinders. Sy afwesigheid sal diep gevoel word, maar sy herinnering sal altyd in die harte van diegene wat hom geken het, voortleef. Die teraardebestelling vind plaas op 10 Augustus 09:30 op die plaas Driefontein waarna die diens 11:00 in die NG Kerk Heilbron Suid sal plaasvind.



# Helen Galatis oorlede

Heilbron het Dinsdag afskeid geneem van Helen Galatis, 'n geliefde lid van die gemeenskap. Helen is gebore op 12 Augustus 1933 in Vrede, sy was die niggie van Spiro Galatis. In 1950 het Helen na Heilbron verhuis, waar sy haar matriek voltooi het. Kort daarna het sy saam met haar pa 'n winkel bedryf, waar hulle 'n groot deel van die gemeenskap geword het. Helen was ook betrokke by naaldwerk groepe, waar sy haar talente en passie met ander gedeel het. Sy was ook 'n ywerige tennisspeler en het haar liefde vir die sport met entoesiasme uitgeleef. In 1975 het Helen na Johannesburg verhuis, maar haar hart het altyd 'n spesiale plek vir Heilbron behou. Sy het gereeld vir Amelia Galatis kom kuier, en die tyd saam met familie en vriende gekoester. Helen is op 30 Julie oorlede, en sy is op 6 Augustus begrawe vanuit die Griekse Ortodokse Kerk in Johannesburg. Haar herinnering sal voortleef in die harte van haar drie broers, familie, en vriende.




# HEILBRON CLINIC COMMITTEE

*Newly elected Heilbron Clinic Committee: Santa Rossouw, Chairman Rev N.I Mohlamme, Mrs E Nonyana, Miss Lea Fourie, Managing Sister Gugu Myeza, Deputy Secretary Mrs Lenie Roodt, Deputy Chairman T.P Lekota*

# Bennink Neem Inisiatief om Vullisterrein te Orden

In 'n poging om die aanhoudende probleem van vullisstorting by die plaaslike vullisterrein te bekamp, het Wolter Bennink dit op homself geneem om borde by die terrein op te sit. Hierdie stap volg nadat Raubex, op hul eie koste, die terrein skoongemaak het, net om te sien hoe inwoners weer hulle vullis voor die ingang stort. Wolter verduidelik dat, terwyl hy besig was om die borde op te sit wat aanwys waar inwoners hul vullis kan stort, 'n persoon van ǹ omliggende dorp sy vullis net voor die bord gestort het. Wolter het die man aangesê om na die bord te kyk, waarna die man omverskoning gevra het en die aanwysings op die borde gevolg het. Inwoners word nou sterk gemaan om die borde te gehoorsaam en hul vullis op die aangewese plekke te stort. Die vullis, veral plastieksakke, word deur die wind na die plaas agter die vullisterrein gewaai, waar beeste dit inneem en vrek. Wolter se inisiatief om die terrein te orden is 'n poging om hierdie probleem te verhoed en die omgewing skoon en veilig te hou. Die gemeenskap word versoek om saam te werk, om sodoende die dorp en omliggende gebiede skoon te hou en die lewens van plaasdiere te beskerm.






COC'S/ELECTICAL CERTIFICATE OF COMPLIANCE
WIRING & RE-WIRING
OFF-GRID SOLAR INSTALLATIONS
INDOOR/OUTDOOR LIGHTING
ULECTRIC
SOLAR AND ELECTRICAL
ELECTICAL REPAIRS
FAULT FINDING
EQUIPTMENT REPAIR
SOLAR BOREHOLE PUMPS
BACKUP SYSTEMS
Jannie 072 279 9299 WE DO COMMERCIAL AND RESIDENTIAL Ulectric 084 499 9937

# Phitshana Public School achieves



Phitshana Public School's drummies team has performed so well. They are going to District level. We thank Me MR Mokoena and her team for good work.



Phitshana Public School took part in Art and obtained first position. Me YMM Mokoena and Me Yekwa, keep up the good work!



Phitshana Public School obtained certification of excellence in Art.

# *Harte klop vir vetplante*



Soil-Mates het Vrydag tydens die opening van Hartklop op hulle nuwe perseel by mekaar gekom om hulle vetplante te vertoon. Die groep is vernoem Vettie Vriende wat vetplantjies versamel. Die groepie poog om maandeliks bymekaar te kom en wenke te deel, plantjies uit te ruil en sommer net lekker saam te kuier.
Hul verwelkom enige een met vetplant vernuf om by die groepie aan te sluit.

## Hoërskool Reitz presteer in Gimnastiek

Miemie Cilliers leerder van Hoërskool Reitz neem deel aan Central Finity Gimnastiek kompetisie in Bloemfontein.
Sy behaal die volgende prestasies:
Brons (3de) medalje vir balk, Silwer (2de) vir vloer, Silwer (2de) vir brug, Goud (1ste) vir spronge. Sy ontvang die goue medalje vir die beste Vroue gimnas level 4 vir 10 -11 jaar.
Sy het ook die afgelope naweek deelgeneem aan die NOFS Gimnastiek kompetisie. Sy kry goud in haar ouderdomsgroep. Sy kry ook haar NOFS klere, en neem deel aan Vrystaat kompetisie die 17de Augustus.



# HOU BENE HOU

Hoërskool Heilbron se landloop atlete het Saterdag, 3 Augustus, aan die Vrystaat Kampioenskappe in Bloemfontein deelgeneem. Die dag was vol opwinding en uitdagings, maar die atlete het gewys wat in hulle steek. Tussen die ondersteuners was die oud-waarnemende hoof, mnr. David Knight, en sy vrou, Annetjie Knight, wat die kinders kom aanmoedig het. Die kompetisie was taai, maar die atlete het nie moed opgegee nie. Hulle het met vasberadenheid en deursettingsvermoë hul beste gegee. Madeleen de Beer en Marizaan Swanepoel het besonder goed gevaar. Hul uithouvermoë en toewyding het gesorg dat beide deurdring na die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe. Die kampioenskappe sal hierdie jaar op 7 September in Vanderbijlpark by die Isak Steyl-stadion plaasvind.



*Madeleen de Beer en Marizaan Swanepoel*



*Op die foto voor: Almarie Botha, Marizaan Swanepoel, Lienke Terreblanche, Darius Roos en Jurgens Botha. Op die foto agter: Tannie Annatjie Knight, Mnr David Knight, Lizelle Swanepoel, Franco Roos en Derick Swanepoel.*

# HUPPEL TRIPPEL SPEEL NOOT VIR NOOT MET Ń KINKEL

Op 6 Augustus was daar 'n scenario aangebied by die Huppel Trippelklub en die lede moes raai watter liedjies by die tema pas. As jou raaiskoot in die kol was, het jy 'n suigstokkie gewen. Daarná het die hele groep jou liedjie gesing. Nog 'n ontspanne en genoeglike oggend is afgesluit met die gebruiklike koekies en tee.
Op 20 Augustus DV sal Maryke Fouché kom vertel van haar lewe in Taiwan. Met die draai in die seisoen word almal uitgenooi om weer te begin jukskei speel en kettie skiet.



*Op die foto bo: Mercia Viljoen met al haar wensuigstokkies*



*Op die foto bo: Tannie Rita sing heerlik saam*



*Op die foto bo: Martie Olivier, bekwame begeleier*

SOLAR VIBE
ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES
Cnr Langmark & Steyn St. Heilbron
083 488 1640 | admin@solarvibestore.com
SOLAR VIBE HAS MOVED TO STEERS
Your one-stop electrical shop!

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING

KENNISGEWING in die **BOEDEL VAN WYLE JACOBUS CHRISTIAAN VAN SCHALKWYK,** Identiteitsnommer: 590811 5033 08 5, in lewe 'n boer woonagtig te Plaas Mooidam, Reitz, 9810, ongetroud.
**DATUM VAN AFSTERWE: 24 DESEMBER 2019**
**BOEDELNOMMER : 005347/2020**
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een en Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**

---

FORM JJJ

## CANCELLATION OF LOST OR DESTROYED TITLE DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **T21147/1993** passed by **ROELOF JOHANNES FEENSTRA, IDENTITY NUMBER: 510423 5032 005**, MARRIED OUT OF COMMUNITY OF PROPERTY in favour of **HENRY STEFANUS DÜRRHEIM, IDENTITY NUMBER: 531113 5089 007**, MARRIED OUT OF COMMUNITY OF PROPERTY, in respect of 1. PORTION 2 OF THE FARM DE GROOTKRANS 369, DISTRICT OF HEILBRON, PROVINCE FREE STATE, IN EXTENT 105,4844 (ONE HUNDRED AND FIVE COMMA FOUR EIGHT FOUR FOUR) Hectares, HELD BY Deed of Transfer **T21147/1993** and 2. PORTION 4 OF THE FARM DE GROOTKRANS 369, DISTRICT OF HEILBRON, PROVINCE FREE STATE, IN EXTENT 105,3667 (ONE HUNDRED AND FIVE COMMA THREE SIX SIX SEVEN) Hectares, HELD BY Deed of Transfer **T21147/1993**, which has been lost or destroyed.
All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds Pretoria Information Section 85 Nelson Mandela Dr, Bloemfontein Central, Bloemfontein, 9301, within two weeks after the date of the publication of this notice.
Dated at Pretoria on 31 July 2024.
Applicant,
**Oak Law Incorporated,**
**Tel: (012) 345 3761**
on behalf **HENRY STEFANUS DÜRRHEIM, IDENTITY NUMBER: 531113 5089 007, Tel: 083 379 7062, 6 REDONDA PARK STREET, MIDSTREAM ESTATE, GAUTENG, 1692.**

---

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intension to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **TE18022/2001** passed by
**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY**
In favour of
**MANTOA ANNA RUELE**
**IDENTITY NUMBER 390819 0250 085**
**UNMARRIED**
In respect of:
ERF 1872, PHIRITONA, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE
IN EXTENT 395 (THREE HUNDRED AND NINETY FIVE) SQUARE METRES
HELD BY DEED OF TRANSFER TE18022/2001, which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at **BLOEMFONTEIN** within two weeks of publication of this notice.
Dated at HEILBRON on the 8th day of AUGUST 2024.
**JH JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN PROKUREURS**
**58 PIERCE STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za**
**REF: RUE1/0001/JHJ/mp**


Virenigenuusenadvertensies vir die Heilbron Herald
Kontak gerus vir
Hendie Lötter by 071 175 9807
of heraldnuus@heilbron.co.za



Laser Cutter & Engraver
NOW AVAILABLE AT HEILBRON HERALD




Heilbron Herald now has high-speed precision cutting.
From prototyping to full-scale manufacturing,
this laser can cut and engrave quickly and accurately.

Being able to cut and engrave many materials, such as:
• MDF (Pressed Wood),
• Plywood,
• Plastic,
• Plexiglass,
• MFoam,
• Cardboard,
• Leather, etc



Heilbron Herald

44 Els Street, Heilbron
Contact: 058 852 3033 | 081 889 8192


# SMALLS


HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!


## JAARBEPLANNER 2024

| | |
|---|---|
| **17 Aug.** | Rolbaldag @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **24 Aug.** | PitStop vir Jesus @ NG Heilbron-Suid Kerksaal |
| **31 Aug.** | Basaar @ NG Kerk Heilbron-Suid |






# DIENSTE


**JRJ SKAAPSKEER DIENSTE**
· SOMERKAM OOIE
· SOMERSKAM RAMME
· WINTERSKAM OOIE
· WINTERSKAM RAMME
· MIKSKEER
KONTAK: TRACY:084 503 5501
NATASSHA 083 395 8945



**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com



**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron



DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com


## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***


**BESIGHEIDSURE**
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, Heilbron
Tel: 058 853 0006
POSTNET HEILBRON


# TE HUUR • TE HUUR


**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***


SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



HERALD Sport

# Boeretreat slaan af met groot opwinding

Jaarliks word die gemeenskap en boere behoorlik "getreat" ten bate van talle nie winsgewende organisasies. Deur die verskeidenheid vermaak en kompetisies wat geloots word is daar iets vir elke persoon om te geniet of om aan deel te neem.
Die gholfers het reeds hulle stokke blink gevryf in afwagting vir die Boeretereat classic spel wat voor gelê het. Peet Saayman is aangekondig as die dag se algehele wenner met 38 punte en Barto van Rooy as die naaswenner. Naaste aan die pen by No 4 was Ruan Mienie, No 11 langste dryf was Marnus (Frankfort) en langste dryf op No 9 was Gerrit(Frankfort). Jackie Leonard was naaste aan die pen op No 15.
Saterdag was daar ook gholf vir die borge wat gesorg het vir groot opwinding. Die spelers kon op die baan by stalletjies stop en met ander borge meng. Daar was heerlik ontspan na die spel deur die stalletjies en kosstalletjies te ondersteun asook die kunstenaars en ander vermaak te geniet.
*Op die fotos onder is Saterdag se gholfwenners*










# HEILBRON DUIWENUUS

Verlede naweek se wedvlugte was vanaf Drie Susters oor 'n afstand van 700km. 'n Sterk Noodweste wind het gemaak dat hulle nie baie vinnig kon vlieg nie, nogtans het die wenduiwe 'n gemiddelde spoed van 70kpu gehandhaaf.
In die eerste wedvlug het D. Cilliers die wenduif geklok terwyl Zenith die tweede wedvlug gewen het. Baie geluk aan die manne en hul duiwe.
Eerskomende naweek is daar twee wedvlugte vanaf Leeu Gamka, 840km en twee wedvlugte vanaf Beaufort-Wes.



# Kransfontein Resiesduifklub


Op Saterdag 2024-08-03 het Kransfontein Resiesduifklub vannaf Drie Susters gevlieg. Dit was die Combine Kampioenskap. Die duiwe is om 07:30 gelos en hulle het oor 'n afstand van 688 kilometer terug na Reitz gevlieg. Vyf lede en 111 duiwe het deelgeneem. Die wenduif is om 16:56 geklok.
1. Reitz Lofts 2, 2. Wolmarans Hokke A, 3. Wolmarans Hokke A, 4. Reitz Lofts 2
5. Du Plessis Hokke, 6. Wolmarans Hokke A
7. Reitz Lofts 3, 8. Reitz Lofts 3, 9.Wolmarans Hokke A, 10.Wolmarans Hokke A



*Op die foto is Riaan Kriel en Ben Labuschagne van Reitz Lofts 2 met die wenduif.*

# Masters Medalje Wenner

Ellie van Coller het ons klub se naam hoog gehou toe sy die afgelope naweek 'n brons medalje verower het by die prestige NFS Masters Kompetisie. Van Coller het al die hoogste sport bereik (Springbok kleure) met rolbal en is nog aktief in die sport slegs vir die liefde daarvan. Sy was die oudste deelnemer teenwoordig en het stof in die oë geskop van veel jonger spelers.




VOER TE KOOP



SKAKEL: THOMAS DE WET
BY: 073 414 4149

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 12 AUGUSTUS 2024
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
DINSDAG - 13 AUGUSTUS 2024
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Daan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
VREDE Maandeliks veiling
Kontak Jandre Moll 082 307 9169
HANDHAAF Jaarlikse Vetvee veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
KOPPIES: JOHAN ELS STAAK BOERDERY VEILING
Beeste, skape & implemente
11:00, plaas Wag-'n-bietjie-bos
Kontak Schaik Jonker 073 007 0022
WOENSDAG - 14 AUGUSTUS 2024
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516
MEMEL: BOSHOEK BOVELDERS & MARITZ BOVELDERS
70 Bulle
11:00, Boshoek, Memel
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
WINBURG: ROTSWAND & MARATANA SIMBRAS
120 Beeste
11:00, Boerevereniging-veilingskrale
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
DONDERDAG - 15 AUGUSTUS 2024
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
DANIËLSRUS Kwartaallikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
VREDE: SUIDELIKE HOËVELD DRAKENSBERGER KLUBVEILING
35 Bulle
Carel Devel 082 3311811
VRYDAG - 16 AUGUSTUS 2024
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
VENTERSBURG: AVELING BONSMARAS
11:00, Welkomspruit
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za




24/7 SERVICES
BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES
Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261
Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337
Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866